HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

KENNISGEWING:	**ALGEMENE VERGADERING VAN OUERS**
TYD:	Donderdag, 24 November 2022 om 18:00
PLEK:	Skoolsaal, Hoërskool Jan van Riebeeck
VIR:	Goedkeuring van die skoolbegroting vir 2023

NEEM ASSEBLIEF KENNIS VAN ’N ALGEMENE VERGADERING VAN OUERS BELÊ VIR DONDERDAG, 24 NOVEMBER 2022 OM 18:00 IN DIE SKOOLSAAL VIR GOEDKEURING VAN DIE SKOOLBEGROTING VIR 2023.

AGENDA vir die vergadering:

1. Opening
2. Notule van vorige ouerbegrotings vergadering, gehou op 11 November 2021
3. Voorlegging van die begroting vir 2023 deur die tesourier
4. Bespreking en vrae
5. Stemming ten opsigte van die volgende punte:
    5.1 bedrag van die skoolgeld wat gehef staan te word;
    5.2 maatstawwe en prosedures vir die algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van ouers wat nie in staat is om skoolgelde te betaal nie;
    5.3 die begroting as geheel

’n Mosie sal voorgestel word vir die goedkeuring van elk van die genoemde sake individueel. Vir goedkeuring word vereis dat ’n meerderheid van die stemgeregtigde ouers teenwoordig, wat stem, ten gunste van elke voorstel stem. Die besluit by die ouervergadering geneem, sal op alle ouers bindend wees.

- Huidige skoolgeld, tans in 2022 betaalbaar: R 40,492.00
- Voorgestelde skoolgeld vir 2023: R 43 120.00
- Koshuisgelde tans in 2022 betaalbaar: R 43,400.00
- Voorgestelde koshuisgelde vir 2023: R 46,800.00

Die begroting vir 2023, wat reeds deur die beheerliggaam goedgekeur is, sal vir 14 dae voor die vergadering, m.a.w. vanaf 11 November 2022, by die skool ter insae wees.

Die kriteria en prosedures wat gevolg moet word om vrystelling van skoolgeld – hetsy algeheel, gedeeltelik of voorwaardelik – te kry, is by die skool verkrygbaar.

K. SNIJDERS
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM (25 Oktober 2022)